**Skriflesing: Matteus 2 vers 1-12**
**Tema: Wie is bo-aan jou geskenkelys?**

Om geskenke te gee en te ontvang is nie vir ons 'n vreemde ervaring nie. Ons doen dit heel dikwels. Ons gee vir iemand ietsie as hulle ons 'n guns bewys het, as hulle weggaan, as hulle siek is of net om te sê ons dink aan hulle. Afgesien van al hierdie voorbeelde, is daar egter twee geleenthede in die jaar wat met geskenke geassosieer word. Dit is natuurlik verjaarsdae en Kersfees.

Hierdie twee geleenthede het een duidelike ooreenkoms: die gee en ontvangs van geskenke. Maar die twee geleenthede verskil ook radikaal van mekaar. Met Kersfees gee ons aan mekaar geskenke, maar dikwels nie aan die een wat verjaar nie. Op verjaarsdae gee ons aan die persoon wat verjaar geskenke, maar nie aan mekaar nie. En kan ons ons nou voorstel dat iemand 'n klomp vriende na sy verjaardag toe nooi en dié wat daar opdaag deel aan mekaar geskenke uit, geskenke om mekaar daaraan te herinner dat dit die herdenking van die persoon wat die partytjie aanbied se geboortedag is. Die persoon wat verjaar, kry niks. Dit sal ongehoord wees. Tog gebeur dit Kersfees na Kersfees. Want met elke Kersfees gee ons aan mekaar en, tragies, baie keer niks aan die Here, die een wat verjaar, nie! En dit pla ons niks! Ja, ons gee vir almal vir wie ons lief is, maar vir die Here, vir wie ons ook, sê ons, liefhet. En so maklik sê ons 'die meeste liefhet', wat gee ons vir Hom?

Nog erger is dat ons van Hom verwag dat Hy soos kersvader aan ons geskenke moet gee op Sy verjaarsdag. Hy moet vir ons voorspoed, geld, gawes en sommer mooi weer ook gee sodat ons lekker kan vakansie hou.

Die sterrekykers, van alle mense, is vir ons 'n voorbeeld van hoe, in die eerste plek, op Kersdag aan die Here geskenke gegee moet word. Van die sterrekykers weet ons nie veel nie. Ons kan met 'n redelike sekerheid sê dat hulle geleerde manne was. Hulle kom waarskynlik uit die destydse Persië of Babilonië, waar Iran vandag geleë is. Sterrekykers uit die Ooste het nie 'n baie goeie naam onder die Jode gehad het nie, juis omdat hulle hulle soms met towery besig gehou het. En hulle was nie gelowiges nie.

In Matteus se beskrywing van die sterrekykers leer ons drie dinge by die sterrekykers. Hulle het eerstens 'n keuse gemaak wat hulle iets kos. Hulle reis was nie sommer net om die draai nie. Hulle kon maande, selfs langer, op reis wees in 'n onbekende en gevaarlike wêreld. Hulle offer hulle tyd en besittings op. Hulle ervaar ontberings, maar hulle volhard met een doel voor oë en dit is om die kind Jesus te vind en aan Hom hulde te bewys.

Ons sien tweedens dat hulle by die krip kom kniel en hulde bring aan die Kind.
Hulle het nie voor Herodus gekniel nie. Hulle erken Hom as die Koning van konings.
Alhoewel ons nie weet of hulle gelowig geword het nie, gee hulle hulself aan Hom.
Ons lees die woorde van Sy moeder Maria in Lukas 1vers 38 as sy haarself ook so aan die Here oorgee: "Ek is tot beskikking van die Here. Laat met my gebeur wat U gesê het."

Nadat hulle hulself gegee het, gee die sterrekykers in die derde plek geskenke aan die kind. Hulle gee goud vir 'n koning, wierook vir 'n god en mirre vir iemand wat gaan sterf.

Sterrekykers se optrede by Jesus dwing ons om weer ernstig na te dink oor die manier hoe ons Kersfees vier. Ons kan gerus maar vir mekaar geskenke gee om iets te sê van die grootste en kosbaarste geskenk wat God vir ons op hierdie dag gegee het, maar dan moet ons in die eerste plek aan die Here Jesus 'n geskenk gee.

Dit is nie iets wat vanself gaan gebeur nie. Ons moet 'n keuse maak om Hom bo-aan ons geskenkelys te plaas. Koning Herodus het 'n keuse gemaak om op die troon van sy lewe te bly. Enige iemand wat sy posisie bedreig, dit het familie en vriende ingesluit, is doodgemaak. Priesterhoofde en Skrifgeleerdes het gekies om alles van sy geboorte en die Ou Testament te weet. Hulle haal aan uit Miga, maar verder het hulle nie 'n vinger verroer nie. Die sterrekykers het die ster gesien en hulle het 'n besluit geneem om te gaan en voor die Koning van konings te buig! Net so moet ek en jy kies of ons aan Hom 'n geskenk wil gee of nie wil gee nie.

Watter geskenk is gepas vir 'n Koning, die Seun van God? Wat is die kosbaarste wat ons het om te gee? Niks anders as onsself nie. Paulus help hiermee in Romeine 12 vers 1:
"En nou doen ek 'n beroep op julle broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir God aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle beoefen."
In "Die Boodskap" word die vers soos volg vertaal: "Ek wil nou 'n ernstige versoek tot julle rig: Ek doen dit omdat julle begryp hoe baie God vir julle omgee. Gee julle hele lewe aan Hom. Julle moet lewende offers in God se hand wees. Staan voltyds in Sy diens 24 uur per dag . Dan maak julle God se hart sommer baie bly!"

Die eerste geskenk wat ons op kersdag en elke dag van ons lewens moet gee, is onsself. Martin Luther het gesê: "Al is Jesus 'n duisend maal in Betlehem gebore en nie in jou hart nie, dan is dit 'n nuttelose gebeurtenis." Dan bly jy verlore.

Gee eers jouself, daarna volg geskenke soos goud, wierook en mirre. Na jy jouself gegee het, volg jou dagboek, beursie en ontspanning.

**Afsluiting**
Frank O'Conner, 'n bekende Amerikaanse kortverhaalskrywer, vertel van die volgende ervaring uit sy jeug: Een kersfees het hy onder andere 'n treintjie as persent gekry. By die kersdiens wat hulle bygewoon het, was daar 'n uitbeelding van die geboorte van Jesus. Hy was dadelik ontsteld, want die baba het geen geskenk gehad nie. Hy kon dit nie verstaan nie? Het die kindjie nie van speelgoed gehou nie? Was sy ouers te arm?
Hy het klaar besluit, sy ma was ook arm, maar hy het darem 'n pakkie kryt ook gekry. Hy het tot by die krip gegaan en sy treintjie in die baba se uitgestrekte arms gesit. Hy het vir Hom gewys hoe dit werk, want babas weet nog nie hoe treintjies werk nie.
Wat Frank die heel beste onthou; sy hele lewe deur onthou; was die gevoel van roekelose vrygewigheid wat hy in die kerkie ervaar het toe Hy langs die baba gestaan en na hom gekyk het. Hy het geweet, en mag dit ook waar wees van elkeen van ons, vir Hom sal ek enige iets gee, vir Hom sal ek alles, alles gee…
**Amen**